## 5. Gesprekstemas vir Advent

Hier is ’n paar voorstelle oor gesprekstemas vir die gesin of vir kleingroepe tydens Advent. Die voorstelle kom teen die agtergrond van en sluit aan by die res van die afdeling oor Advent.

- Elkeen van die vyf temas van Advent - die oorkoepelende tema van verwagting, sowel as die spesifieke temas van hoop, vrede, liefde en vreugde - kan ’n onderwerp van gesprek wees. Hoe verstaan julle elkeen van dié begrippe? Hoe beleef julle dit?
- Christene verwag dat Jesus se koms reeds hier op aarde ’n nuwe beter bedeling sal meebring. Daarom bid ons: “Laat u koninkryk kom.” Hoe verwag ons sal hierdie nuwe bedeling lyk, en hoe dink julle gaan dit gestalte kry?
- Nie alles wat ’n mens verwag, word werklikheid nie, of te minste nie soos ’n mens hoop of dink dit gaan gebeur nie. Hoe dink julle daaroor?
- Lees ’n mens van die vroegste dele van die Nuwe Testament, is daar heelwat verwysings na die wederkoms van Christus. Dit is duidelik dat die gelowiges die wederkoms van Jesus binne hulle leeftyd verwag het. In die later boeke van die Nuwe Testament is daar baie minder daarvan. Klaarblyklik het die verwagting toe al ’n bietjie vervaag. Hoe dink julle oor die wederkoms?